Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2255 23 Mei 2025

*Die "Groot Gesprek" in Wit Huis:*

# Ramaphosa en Kie tot bedelaars afgradeer



Die hele span "ondersteuners" wat die ANC-staatshoof, Cyril Ramaphosa, na Washington geneem het om met die VSA se pres. Donald Trump te gaan gesels, het gesamentlik en afsonderlik Suid-Afrika afgegradeer na bedelaarstatus, en getoon dat hulle in wese glad nie met die res van Afrika verskil nie in dié opsig dat hulle glo die wêreld skuld hulle iets. Die bakhand-mentaliteit van Afrika het sterk deurgekom in die gesprek met Trump.

Soos Suid-Afrika se beleid in 1969 aangepas is ter wille van sport, is prominente sportlui en die Suid-Afrikaanse geldmag ingespan om Trump se houding teenoor Suid-Afrika te versag. Die enigste verskil is dat die uitgeslape Ramaphosa gewillige Blankes voor sy karretjie gespan het om hom te help om sy vuil werk te doen. Die gholfspelers, Ernie Els en Retief Goosen, moes Ramaphosa se handjie gaan vashou, maar waarom het hy nie die kaptein van die Springbok-rugbyspan, Siya Kolisi, saamgevat nie? Die geldmag is verteenwoordig deur Johan Rupert, maar waarom het Ramaphosa nie sy swaer, die ewe kapitaalkragtige Patrice Motsepe, wat boonop sterk bande in die sportwêreld het, saamgevat nie?

Tydens die gesprek met Trump, het Ramaphosa slegs aan sy blanke minister van landbou, John Steenhuisen, 'n spreekbeurt gegee, terwyl nie een van sy ander swart ministers gepraat het nie. In sy kort spreekbeurt het Steenhuisen dit in soveel woorde erken dat hy sy rol as opposisie verruil het om op te gaan in die ANC se regering. Talle mense met wie ***Die Afrikaner*** gepraat het na afloop van die gesprek, het hulle misnoeë met Steenhuisen uitgespreek en reguit gesê dat hy nou besig is om die DA baie stemme te kos.

Ramaphosa het die gesprek ingelei met versoeke dat verhoudinge verbeter moet word, dat Suid-Afrika beleggings soek om werkloosheid en misdaad te bekamp, en dat Suid-Afrika Amerika nodig het soos Amerika Suid-Afrika nodig het in terme van grondstowwe en landbou produkte. 'n Beleefde Trump het selfs hier en daar sy kop instemmend geknik, en die media genooi om vrae te antwoord, wat hy self meesal beantwoord het. Ramaphosa was meer van 'n toeskouer as 'n deelnemer aan die gesprek, tot Trump op 'n stadium bevel gegee het dat die ligte verdof moet word en die video gespeel moes word.

Tot op daardie stadium het Ramaphosa sy glimlag behou, maar toe die geskreeu van Julius Malema deur die Wit Huis se Ovaal-kantoor weergalm, het sy glimlag vinnig plek gemaak vir 'n kwalik bedekte

*(Vervolg op bladsy 3)*

## Die Redakteur……

# Nou is die mense nog armer

Die ANC-beheerde koalisie-regering het nou sy derde poging vir 'n begroting in die parlement ter tafel gelê. Die eerste begrotingsrede is nooit gelewer nie, nadat dit uitgelek het dat die verantwoordelike minister, Godongwana, 'n BTW-verhoging van twee persent voorgestel het.

Die eerste begroting (wat dus in wese die tweede een was) wat wel in die parlement ter tafel gelê is, het 'n half persent verhoging in BTW vir hierdie jaar voorsien, en 'n verdere half persent volgende jaar. Weer eens het die DA en VF Plus geen aptyt hiervoor gehad nie, en daarteen gestem. Die ANC het egter wel die stemming oor die beleidsraamwerk gewen nadat hulle heel oneties (wat verwag mens anders van die ANC...?) agter sy koalisievennote se rug om steun by andere gaan soek het, én gekry het. Daarmee het hy sy eie betroubaarheid weer eens 'n verdere knou toegedien. Heel aan die begin het die DA en die VF Plus gesê dat hulle teen enige vorm van belastingverhoging is. Toe daar egter 'n verhoging aan die "sondebelasting" op rook- en drinkgoed aangekondig is, het hulle dit aanvaar. Ons het ook geen probleem met daardie verhogings nie, maar die beginsel is duidelik: dit is 'n belastingverhoging, en hulle was teen enige belastingverhoding:

Oor die half persent BTW-verhoging, het die DA hof toe gehardloop. ***Die Afrikaner*** het al in 'n vorige uitgawe gewys dat 'n persoon met 'n minimum loon van ongeveer R5 000, ongeveer R25 per maand meer aan BTW gaan betaal. Was dit die moeite werd om daarvoor hof toe te hardloop, behalwe om goedkoop politieke punte te maak op koste van die belastingbetalers wat die hofkostes aan een of beide kante moes betaal?

Nou het Godongwana aangekondig dat hy die brandstofheffing met ongeveer 15 sent per liter wil verhoog. In April vanjaar is die koolstofbelasting reeds met drie sent per liter verhoog. Gesamentlik gaan motoriste dus 18 sent per liter meer vir brandstof betaal.

Daar is 12,1 miljoen geregistreerde voertuie op die paaie in Suid-Afrika, waarvan 280 000 taxi's en 19 000 busse wat vir openbare vervoer gebruik word.

As 'n werker sy voertuig moet gebruik net om werk toe en terug te ry, kan ons 'n aanname maak dat twee tenks brandstof maandeliks benodig word. Vir 'n 60 liter tenk beteken die verhoging ongeveer R22 per maand meer.

Pendelaars wat met busse en taxi's ry, gaan ook meer betaal, want dié rygoed gebruik baie meer brandstof, en hulle gaan nie die verhoging self dra nie. Dit verarm dus die pendelaars wat daagliks daarvan gebruik moet maak. Selfs 'n minimale aanpassing van 50 sent per dag, beteken 'n verhoging van ongeveer R12 per maand.

Die 18 sent per liter verhoging, verteenwoordig ongeveer 0,8%, afhangend van die prys per liter in watter deel van die land. Daar kan aanvaar word dat vervoermaatskappye hulle tariewe gaan aanpas met ten minste een persent. Dit is wat die prys van goedere duurder word. Dus, iemand met 'n minimum loon van R5 000 gaan R50 meer betaal vir sy goedere, en op daardie goedere gaan hy R7,50 méér aan BTW betaal.

As al die klein goedjies bymekaar getel word, is die publiek oor die algemeen slegter af met die verhoogde brandstofheffing as met 'n half persent verhoging op BTW. Die staat kry in elk geval meer BTW in, want as vervoerkoste styg, styg die pryse van goedere op die rakke, en op die verhoogde pryse geld outomaties meer BTW.

John Steenhuisen en die DA het dalk 'n paar los politieke puntjies gewen deur sy oorwinning oor BTW. Gaan hulle hierdie verhoogde belasting goedkeur as dit voor die parlement gelê gaan word? Dan breek hulle mos weer hul eie beginsel van geen belastingverhoging van enige aard nie, en die publiek word armer.

In die begroting word ook geen aanpassing gemaak van die belastingskale nie, wat beteken dat daar geen verligting is om voorsiening te maak vir inflasie en blokkruiping nie. Gewone belastingbetalers word daardeur verder verarm.

Daar word die hele tyd gepraat van 'n begrotingstekort, waarvoor die geld gevind moet word. Tog het die DA en VF Plus inderdaad sinvolle voorstelle gemaak om staatsuitgawes te besnoei. Daarvan word geen verdere melding gemaak nie. Al waar die minister wel besnoei het, is op Transnet (wat is dit in elk geval...?) onderwys, gesondheid en binnelandse sake. Binnelandse sake word deur die DA beheer en gaan die besnoeiing aan sy begroting sy werksaamhede belemmer, en kan die DA die skuld kry en die ANC sy handjies in onskuld was.

Die voordeel met die besnoeiing aan gesondheid is dat dit die instelling van die belaglike Nasionale Gesondheid Versekering (NGV) gaan vertraag. Netso gaan binnelandse sake ook nie genoeg geld

*(Vervolg op bladsy 6)*

## Ramaphosa en Kie

*(Van bladsy 1)*

skok en absolute ongemak. Verskeie geleenthede is getoon waar Malema die haatlied "Kill te Boer, kill the farmer" gesing word. Die video het ook Malema se toespraak ingesluit waar hy gesê het die tyd om Blankes te skiet "het nog nie aangebreek" nie.

Steenhuisen het probeer verduidelik dat hy in die regering is, juis om daardie "klein groepie randfigure" uit die regering te hou, waarop Trump hom op sy plek gesit het deur te sê dat 'n stadion met 100 000 mense eerder lyk na geweldige steun, en Trump het vir Ramaphosa gevra waarom Malema nog nie gearresteer is nie, waarop Ramaphosa veelbetekenend nie geantwoord het nie.

Ernie Els, wat deur Trump aan die woord gestel is, het hoofsaaklik geteem oor die "verkeerde apartheidstelsel", maar darem bygevoeg dat twee verkeerde sake nie 'n regte saak skep nie. Els weet self nie veel van apartheid af nie, aangesien hy in 1969 gebore is, toe John Vorster al begin het met die aftakeling daarvan.

Retief Goosen het eerder vir Trump ondersteun as vir Ramaphosa. Goosen kom uit 'n Noord-Transvaalse boerefamilie, wat ook al die slagoffers was van plaasaanvalle, en Goosen het vertel hoe hulle agter elektriese heinings moet probeer veilig bly.

Johan Rupert het eerder met Elon Musk, wat ook teenwoordig was, gepraat en gesê dat "elke polisiekantoor in die land het sy Starlink-tegnologie nodig". Rupert het beherende aandele in die meerderheid optiese vesel netwerke in Suid Afrika. Starlink is 'n moontlike bedreiging. Hy het geskimp om Starlink se verteenwoordiger in Suid Afrika te wees, dus was hy daar ter wille van sy eie sak. Hy het ook nog 'n hou teen Steenhuisen ingekry deur daarop te wys dat die hoogste moordsyfer in die land, is op die Kaapse Vlakte, wat deur die DA beheer word. Duidelik het Ramaphosa en sy ministers, wat soos gewoonlik laat vir hulle afspraak was en op regte Afrika-tyd 'n halfuur laat opgedaag het, nie vooraf met die sportlui vergader nie.

Behalwe die linkse Suid-Afrikaanse media en enkele ver-linkse kommentators, is die algemene gevoel dat Ramaphosa soos 'n skoolseuntjie gelyk het. Trump het die vergadering beheer. Hy het enkele foute gemaak, wat veral deur Netwerk 24 uitgebuit is in 'n desperate poging om Trump te diskrediteer, in die hoop dat dit Ramaphosa sal laat beter lyk.

Onder die opskrif "6 vals aantygings van Trump aan Ramaphosa", maak Netwerk 24 self ongeveer vyf vals stellings, waaronder die stelling "Daar is geen volksmoord op wit boere in Suid-Afrika", en maak dit af as regse propaganda. Wat hulle egter nie besef nie, is dat die Volksmoordkonvensie, soos aanvaar deur die Verenigde Volkere Organisasie (VVO) op 9 Desember 1948 ook verwys na die sielkundige leed op 'n volk. Dié konvensie bepaal dat enige van die volgende optredes gepleeg met die doel om enige nasionale, etniese, rasse, of religieuse groep ten dele of in die geheel te vernietig, die strafbare misdaad van volksmoord uitmaak:

" i) Die doodmaak van lede van die groep;
" ii) Die berokkening van ernstige liggaamlike of sielkundige leed aan lede van die groep;
"iii) Die afdwing van lewensomstandighede wat gerig is op die fisieke ondergang van die groep ten dele of in die geheel."

Selfs die onteiening sonder vergoeding van boere se grond, kan onder par. iii van toepassing wees. Netwerk 24 beskuldig Trump daarvan dat hy beweer dat wit boere se grond sonder vergoeding gevat kan word en dit met gewelddadige grondbesettings gepaard gaan. Die pad is reeds voorberei vir die vat van grond met 'n "nul-vergoeding" (wat deur die DA-minister ook as 'n vorm van vergoeding beskryf word...", en dat gewelddadige plaasbesettings reeds plaasvind, sonder dat daar daadwerklik iets aan gedoen word. Wie is dus verkeerd: Trump of Netwerk 24?

Die derde "vals aantyging" van Trump volgens Netwerk 24, is Trump se stelling dat "Kill the Boer" 'n oproep tot moord is. Netwerk 24 haal dan al die

*(Vervolg op bladsy 4)*


## *Die Afrikaner*

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898



**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

## Ramaphosa en Kie

*(Van bladsy 3)*

polities korrekte hofsake aan wat sê dit is nie, terwyl almal weet dat dit wel die geval is.

Die vierde "vals aantyging" van Trump sou wees dat hy na die wit kruise verwys het as 'n begraafplaas vir vermoorde boere. Inderdaad is dit nie, maar dit verteenwoordig wel 'n kruis per vermoorde boer. As Netwerk 24 daardie semantiese hareklowery wil gebruik om Trump te diskrediteer, wys dit net op hulle bankrotskap aan geldige argumente.

Die vyfde "vals aantyging" is een foto van boere in lyksakke wat hy omhoog gehou het. Inderdaad is dié foto afkomstig vanuit die DRK se oorlogsone en is nie Suid-Afrika nie. Oor die talle ander foto's en koerantvoorblaaie wat Trump getoon het, waaronder die mashoof van Suid-Afrika se *Times Live* duidelik sigbaar was, word egter niks gerep nie.

En laastens reken Netwerk 24 dat Trump se stelling dat Malema grond wil vat, skynbaar 'n "vals aantyging" is. Duidelik lees die samestellers van hierdie "vals aantyging"-berig nie hul eie publikasies nie, waar hulle self aanhaal waar Malema daarmee dreig.

Uiteindelik het die hoofsekretaris van die HNP, mnr. Hermanus van der Schyff, sy indrukke oor die gesprek soos volg met ***Die Afrikaner*** gedeel: "Trump het Ramaphosa pak gegee. Hy (Trump) kon egter meer gesê het. Hy het nie in die gesprek eers na BBEEE verwys nie. Ook nie na Onteiening sonder vergoeding nie. Net oor Onteiening gepraat.

"Ramaphosa het probeer om beter en slimmer te lyk, maar het gefaal. Hy het ook weer sy leuenaarskant gewys met dié wat hy gevra het waar die Witkruismonument sou wees. 'n Kommentator van Amerika het op sy Youtube-blad gesê dat hy al verskeie kere video's daaroor gesien het. Of Ramaphosa het dit nog nooit gesien nie, wat bewys dat hy oningelig is wat in Suid-Afrika aangaan, of hy vertel weer 'n leuen.

"Die enigste een wat die waarheid gepraat het was Retief Goosen. Johan Rupert is so links en kruiperig. Sy kommentaar dat hy al tien jaar die EFF se grootste vyand is, het nie ingepas by die gesprek nie," sê mnr. Van der Schyff.

Inderdaad het Trump nie alle aspekte aangeraak wat hy kon nie. Ramaphosa sou dan nog ellendiger gelyk het. Dalk het Trump dit gedoen om sy vriende Els, Goosen en Rupert 'n groter vernedering te spaar.

Wat wel duidelik was, is dat Trump deeglik voorberei was. Een deel van sy voorbereiding was om 'n ontleding te maak van Ramaphosa as 'n geslepe onderhandelaar. Daarom het hy eers vir Ramaphosa lyn gegee om te swem en gemaklik te voel, voor hy met sy offensief begin het waarmee hy Ramaphosa vernietig het.

Nou sal die toekoms moet leer of Ramaphosa en se span se bedelary vir hommeltuie, Starlink, geld en beleggings iets gaan oplewer. Die gevoel is egter dat Trump dit slegs sal oorweeg as dit enige voordeel vir Amerika kan inhou.

Inmiddels het Sjina aangedui dat hulle 'n nuwe maatskappy in Suid-Afrika sal oprig vir elke Amerikaanse maatskappy wat onttrek. Ramaphosa gaan dit met ope arms aangryp, en dit sal vir Trump sy finale besluit help neem. ■


**Moeg vir die stad en sy gejaag?**

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by




# Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone).

**(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**


Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

# Woord en wêreld

## Gelykenis van die barmhartige Samaritaan

***Deur Dr. Gideon Grobler***



**Skrifgedeelte:** Luk 10:25 *"En daar het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"*

**Oordenking**:

Die opmerking is al gemaak dat hierdie gelykenis, die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, die mees verkeerd verstane gelykenis is! Daar word redelik algemeen gereken dat die gelykenis oor barmhartigheid gaan, terwyl dit eintlik oor evangelisasie gaan.

Waarskynlik is die baie, baie onvergenoeglike redenasie oor wié my naaste is, die bewys van die feit dat dit die mees verkeerde verstane gelykenis is?

Die teksvers sê dit eintlik só duidelik! *"Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"* Hierdie vers sluit ten nouste aan by ander gedeeltes wat ook oor evangelisasie gaan. Dink aan Johannes 3, die gesprek met Nikodemus, in Mattheus 19:30, die gesprek met die ryk jongman en dan Handelinge 16:30, die tronkbewaarder. Almal gesprekke waarin die vraag: *"Wat moet ek doen om gered te word?"* met min of meer dieselfde woorde gevra word.

Die vraag: wat anders in die gelykenis handel oor evangelisasie? Die vraag is so verstaanbaar! Die opskrif wat die Bybelvertaler daaraan gegee het en die eerste indruk by die lees daarvan ondersteun almal die idee van barmhartigheid. Kom ons kyk mooi na die gelykenis!

Oor al die punte wat ons gaan aanroer, sal uit die aard van die plek, waar dit 'n oordenking is, nie breedvoerig bespreek kan word nie. Dit ten spyte van die feit dat die Redakteur ons vrye teuels gee oor die lengte van die oordenking. Daarvoor baie dankie!

Die gelykenis sê dat die priester en die Leviet van Jerusalem na Jerigo onderweg was. Ek was nog nie daar nie, maar al die bronne sê dat dit om en by drie en twintig kilometer is, nie die gewóne kilometers was nie. Jerusalem is, na wat ons kon lees, min of meer sewe honderd meter bo seevlak en Jerigo, drie honderd ónder seevlak. Dit beteken dat die pad wat net oor die twintig kilometer is, sowat 'n duisend meter val. Die afdraandes is vol gevaarlike plekke wat baie skuiling bied vir rowers. Baie moontlik was die priester en die Leviet van hul twee maal per jaar diensbeurte in die tempel, op pad terug na hul tuistes. Die gelykenis sê nie in watter rigting die Samaritaan gereis het nie.

Wat van belang is, is die aard van die amp waarin die priester en die Leviet gestaan het.

Hulle was tog in God se diens en verwag 'n mens dat uit hoofde van die liefde vir God, hulle liefde vir die medemens sou hê. Op hierdie stelling word gesê dat hulle omdat die man langs die pad, wat waarskynlik 'n Jood was en halfdood daar gelê het, vir die priester en die Leviet, moontlik dood kon gelyk het en dan sou ingehou het dat sou hulle hom help en hy dalk dood is, hulle onrein sou wees en dit hulle, vir die tyd van hul reiniging, uit hul diens sou hou! Só is daar nog argumente wat aangevoer word tot versagting van hul optrede. Punt is, hul het anderkant verby gegaan en anders as wat verwag is, opgetree. Anders as wat sy antwoord was om aan jou naaste te doen soos aan jouself!

Dan kom die Samaritaan. Hierdie derde karakter het Christus met groot sorg uitgekies! Dat die Jode en die Samaritane nie vir mekaar lief was nie, is waarskynlik algemene kennis, maar die diepte van die haat wat daar tussen hulle was, word meesal onderskat. Die Jode het die Samaritane gehaat oor verskeie redes. Die Samaritane het met die heidense volke ondertrou. Dit het van hulle, in die Jode se oë, basters gemaak! Die Samaritane het na die ballingskap van Juda, by hul terugkeer, toe hulle die stadsmure en tempel wou herstel, hul bes gedoen om die Jode te verhinder. Selfs dooie varke is by die bouwerk gegooi sodat hulle die Jode, minstens vir die tyd wat dit sou neem om die werksomgewing weer gereinig te kry, sou vertraag in hulle bouwerk. Daar was, spreekwoordelik, net een goeie Samaritaan en dit was 'n dooie een. As jy iemand sleg wou sê, was dit om hom/haar 'n Samaritaan te noem. Ons leer dit uit Johannes 8:47 en 48.

Dit is dié mens wat Jesus kies om die rol van die weldoener te wees. As ons mooi lees wat hy alles gedoen het, is ons almal skuldig omdat dit meer is as wat enigeen van ons sou doen. Hy verbind die man, waarskynlik met van sy eie klere wat hy skeur as verbande. Hy gebruik sy eie wyn vir ontsmetting en

die olie vir genesing. Hy help die Samaritaan op sỳ pakdier/rydier. Hy sélf stap. Dit alles nadat hy homself aan die gevaar bloot gestel het dat dieselfde rower óók op hom kon toesak. Dan neem hy hom na die herberg. Bring die nag saam met hom deur, dit terwyl hy seker self 'n bestemming, moontlik afspraak kon gehad het, maar dit alles was vir hom minder belangrik as die diens aan die beseerde. Hy betaal dan vir die nag en gee geld vooruit vir ander benodighede wat daar ook al mag wees. Daar word bereken dat die geld wat hy betaal het genoeg sou wees om twee maande in die herberg te kon bly! Dan gee hy die herberg eienaar 'n "blanko tjek"! Wat daar ook al nog nodig is, doen dit vir die man, ek sal kom betaal wanneer ek weer kom!

Die selfversekerde wetgeleerde antwoord Jesus op die vraag: wat sê die wet? Bedoelende, jy as wetgeleerde ken dit mos baie goed! Wat sê die wet moet jy doen om gered te word? *"Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself,"* antwoord hy korrek. Gaan maak só en jy sal gered word. Bedoelende: jy moet hierdie liefde vir beide God en jou naaste volmaak kan regkry, dan is jy reg. Die Samaritaan het vir die beseerde gedoen soos hy vir homself sou doen!

Die wetgeleerde wil homself handhaaf en vra dan wie sy naaste is. Let op dat Jesus, na hy die storie vertel het die vraag omdraai. Nou nie meer wie is mỳ naaste nie, maar, vir wie is ek 'n naaste? Weer antwoord hy reg! Wéér hoor Hy gaan maak jy ook só!

Kom ons wees eerlik! Die Samaritaan se versorging van die beseerde is baie beter as wat enige van ons sou doen, behalwe miskien vir ons self en dalk vir die naaste naastes! Die hele verhaal van hoe die Samaritaan versorg het, spreek van oordadigheid, vér meer as die algemene verwagting. Jesus sê in wese vir die wetgeleerde, die priester en die Leviet was vol geleerdheid, vol van wette, maar leeg van liefde!

Om die koninkryk van God te beërwe, moet jy nie net die wet volkome kan uitleef nie, maar ook volkome en volmaak kan lief hê! Nie die wetgeleerde of u en ek kan dit doen nie, dus het ek Christus nodig wat dit volkome en volmaak kom doen het namens sy kinders, Namens die wat in Hom is!

**Gebed:** *Hemelse Vader, dankie dat U Seun, nie net namens ons die dood kom sterf het nie, maar ook namens kom lééf het toe Hy 'n volkome en volmaakte lewe, in geregtigheid en in liefde namens ons geleef het!* **AMEN**

---

## Kommentaar

*(Van bladsy 2)*

hê vir al die onteienings wat beplan word nie, selfs al sou onteiening teen "nul-koers" gehef word, want die hofsake wat daaruit voortvloei, gaan hulle besig en arm hou. Om onderwys minder geld te gee, is om met die intellektuele toekoms van die land te dobbel, wat gaan lei tot laer standaarde, laer slaagsyfer en hoër skoolverlatingsyfers voordat leerlinge in matriek kom.

Dus moet die DA en VF Plus nou besluit of hulle daardie begroting gaan aanvaar, en maar weer gaan toegee aan hulle eis dat geen belastingverhogings van enige aard aanvaarbaar is nie. Om te wil onderskei tussen 'n staatsheffing en belasting, sou neerkom op semantiese hareklowery.

Die DA en VF Plus sit egter met die hef in hande. Na die gesprek tussen Cyril Ramaphosa en Donald Trump, waar Trump aan die hele wêreld gewys het wie en wat Julius Malema en sy EFF is, kan Ramaphosa dit nie werklik waag om 'n koalisie met dié party te vorm nie. DA en VF Plus behoort dit te besef, en sou hulle die geleentheid gee om hulle rug styf te maak, strepe in die sand te trek en eise te herbevestig, en Ramaphosa sou nie juis iets daaraan kon doen nie.

Dit is natuurlik as hulle die ruggraat daarvoor het, en daaroor het ons ernstige twyfel.



# HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# VADERLANDSGEDIGTE (2)

**Dolf Buitendach**

In die vorige artikel is die eerste gedig van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) geplaas. Die GRA, wat op 14 Augustus 1875 gestig was, se oormerk was om Afrikaans as 'n skryftaal te verhef, 'n nasionale volksgevoel te vestig en om uiteindelik die Bybel in Afrikaans moontlik te maak. Die lede was dr. A Pannevis (1838-1884) (die persoon agter die stigting van die GHA), CP Hoogenhout (1843-1922), DF du Toit (1846-1922) en ds. SJ du Toit (1847-1911).

Die gedig, "Die Afrikaanse Volkslied", wat ons hierby plaas, was 'n gesamentlike poging van vier lede van die beweging, naamlik A Pannevis, CP Hoogenhout, DF du Toit en SJ du Toit.

**Die Afrikaanse Volkslied**

'n Ieder nasie het syn LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand.
Vir ons is daar g'n beter grond
Op al die wye wêreldrond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid-Afrika.

'n Ieder nasie het syn TAAL,
Ons praat van Kaap tot in Transvaal
Wat almal maklik kan verstaan,
Wat gaan die ander tale ons aan?
Ons praat soos Pa en Oupapa,
Die landstaal van Suid-Afrika.

'n Ieder nasie het syn WET,
Wat goed gebied en kwaad belet;
En elk syn wet is na sy aard,
En gaan met syn natuur gepaard;
So volg ons ook die sede na,
Wat tuishoort in Suid-Afrika.

'n Ieder nasie het syn REG,
Al is hy nog so swak en sleg.
Daar is 'n Oog wat alles merk;
Hy set die onreg paal en perk;
Hy kyk ook ons verdrukkers na
En waak ook vir Suid-Afrika.

'n Ieder nasie het syn TYD
Om op te groei en af te slyt,
En soos ons liewe Heer dit doet,
So is dit altyd wys en goed.
Daar kom 'n dag vir ons ook, ja,
Vertrou op God, Suid-Afrika!
Want al die nasies het één God,
Hy regel ieder volk syn lot;
Hy het vir ieder volk syn Taal,
Syn Land, syn Reg, syn Tyd bepaal.
Wie dit verag, sal syn straf dra:
O God, beskerm Suid-Afrika!

# FW de Klerk het geweet van grootskaalse bedrog in 1994-verkiesing

In die bydrae van die Hoofsekretaris van die HNP se lessenaar elders in die uitgawe, het mnr. Hermanus van der Schyff verwys na die bedrog tydens die 1994-verkiesing.

Reeds op 5 Desember 2003 het die destydse redakteur van ***Die Afrikaner***, dr. Jakkie Basson, onderstaande artikel onder bostaande opskrif geskryf.

OUD-PRES FW de KLERK was pynlik bewus van 'n grootskaalse bedrogspul wat tydens die 1994-verkiesing plaasgevind het waartydens die kommunistiese ANC-regime die bewind in die land oorgeneem het. Nogtans het hy vir tien jaar lank daaroor geswyg, en nou eers dit bekendgemaak.

Mnr. de Klerk het erken dat een miljoen stemme op een bepaalde politieke party netjies in stapeltjies in die stembusse tydens die verkiesing van 27 April 1994 geplaas is.

Hierdie onthulling is deur mnr. De Klerk in Nigerië gemaak, in die hoop dat dit nie hier plaaslik gerapporteer sou word nie, en die Blankes van die land daarvan te hore sou kom nie. Hy het hierdie ontboeseming gedoen terwyl hy joernaliste in Nigerië toegespreek het. Daaroor is egter in *Nederlands Dagblad* van 2 Desember 2003 met skok gerapporteer, en vandaar het die nuus na Suid-Afrika versprei.

Mnr. De Klerk het tydens verskeie openbare optredes erken dat daar mindere probleempies tydens die 1994-verkiesing opgeduik het, maar dat dit niks noemenswaardig was nie, en dat sulke klein probleempies in enige land, selfs eerstewêreldse Westerse verkiesings voorkom. Bowendien was dit nie van so 'n aard dat dit die uitslag van die verkiesing enigsins kon beïnvloed nie.

Nou blyk dit egter uit sy erkenning in Nigerië dat nie minder as een miljoen stemme op onwettige wyse in die land se stembusse beland het nie. Dit is aardverskuiwende inligting wat die reeds besmette verkiesing en uitslag nog verder onder verdenking plaas.

Die Nederlands Dagblad bestempel dit blatant as dat die verkiesing daardeur "gemanipuleer" is. Nie dat die betrokke koerant enige simpatie met die Afrikaner of die Blanke in die algemeen het nie, want in die berig word daar verwys na die "eerste democratische verkiezingen" in Suid-Afrika, wat 'n blatante leuen en suiwer kommunistiese propaganda is. Suid-Afrika in geheel het sedert 1910 wettige demokratiese verkiesings gehad wat internasionaal erken is deurdat die regerings wat aldus verkies en saamgestel is, deur alle lande en selfs deur die VVO erken is. Die Swartes het sedert die tyd van dr. Verwoerd ook die reg verkry om wettig in hul tuislande vir hul eie mense in hul eie verkiesings te stem.

Die 1994-verkeising was buitendien in alle opsigte 'n klug, al is dit deur internasionale waarnemers as "vry en regverdig" bestempel. Dit het hulle gedoen, ten spyte daarvan dat hulle deeglik bewus was van die ongerymdhede wat met die verkiesing gepaard gegaan het. Die groot emosionele slagspreuk was egter dat dit die "eerste demokratiese verkiesing" in Suid-Afrika was, en dat dit nie ontsier kon word deur te erken dat dit gepaard gegaan het met die grofste wandade wat enige verkiesing kan kenmerk nie.

Regter Johann Kriegler, voorsitter van die "Onafhanklike" Verkiesingskommissie wat die verkiesing moes bestuur, het in sy eie woorde erken: "Hoe kan jy in 'n bordeel werk en verwag om kuis te bly?"

Die ergste aspek van die 1994-verkiesing was dat die stemme nie enduit getel is nie. Toe die ANC stewig op pad was na 'n tweederde meerderheid, en alle tekens daarop gedui het dat die NP se steun met die laaste stembusse se stemme wat bekendgemaak moes word, besig was om drasties te verminder, is die tellery van die stemme eensklaps gestaak. Vir meer as 'n uur is geen uitslae bekend gemaak nie. Daarna is weer voortgegaan met die bekendmaking van die uitslae.

Die uitslag was dat die ANC 62% van die stemme gekry het, en die NP skielik geklim het tot oor 20% van die stemme, al was die tendens voor die staking van die stemtellery dat hulle op pad was om minder as 20% te kry.

Later het dit geblyk dat daar opgehou is om stemme te tel. Die verskillende politieke partye het bymekaar gekom en bespreek hoe vandaar verder gegaan moes word. Daar is toe oor die uitslag onderhandel. Die laaste stemme is nooit getel nie.

Dit was dus 'n onderhandelde uitslag wat nooit op die tel van stemme berus het nie.

Daar moes ten alle koste verhoed word dat die ANC 'n tweederde meerderheid verkry, aangesien dit nie goed in die oë van die buitewêreld sou lyk nie. Daarom is die ANC beperk tot 62% van die stemme, en is die NP se stemme boontoe aangepas.

Nou erken oud-pres. FW de Klerk dat reeds voordat met die tel van die stemme begin is, daar grootskaalse bedrog gepleeg is.

Die wil van die kiesers het nie geseëvier nie.

In die onderhoud in Nigerië sê mnr. De Klerk dat hy in 'n posisie was om met militêre mag die land te behou, maar dit sou sy gewete beswaar het. Hy vertel dat hy alreeds as jongman dit vir hom gevisualiseer het dat mense van verskillende rassegroepe in een bedeling moes saamwerk, maar dat dit nie toe moontlik was nie. Mense is sonder verhoor in tronke gegooi. Hy het persoonlik Blankes gewaarsku dat teenkanting teen verandering in die land op rampspoed sou uitloop. Die wit minderheid sou nie onbepaald kon voortgaan om die swart meerderheid uit te sluit nie. Daarom het hy gedoen wat hy gedoen het. Verder meld hy dat die stigting van die KP in 1982 vir hom die weg geopen het om sonder teenstand van binne die NP die mag in die land prys te gee.

In die verkiesing van 1999 is daar net so gekonkel met die verkiesing, ten spyte daarvan dat dit ook as "vry en regverdig" deur internasionale waarnemers bestempel is. Toe is bevind dat, te midde van al die ander ongerymdhede, daar 1,7 miljoen meer stemme uitgebring is as stembriewe wat uitgereik is. En Suid-Afrika en die wêreld roem daarop dat Suid-Afrika 'n "demokrasie" is.

Op die vraag waarom mnr. De Klerk nooit voorheen melding gemaak het van die ongerymdhede waarvan hy kennis gedra het nie, was sy antwoord dat dit sy ideaal was dat Suid-Afrika "vooruitgehelp" moes word na al die jare van "apartheid"!

---


# “Sy doodkry was (nog steeds) nie”




’n Stel van **8 DVD’s** (ook op ’n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer. Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak) of ’n geheuestokkie.**

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

**Hermanus van der Schyff**

Ons gaan steeds verder met mnr. Jaap Marais se toespraak waarmee ons al in vorige uitgawes begin het.

Hy bespreek die vraag of ons in die bestel moet op- of ingaan.

"As gesê moet word wat die riglyne is wat gevolg moet word, is die eerste dat ons vir onsself moet sê: ons berus nie in hierdie bedrogvolle en verraderlike verowering van ons land deur 'n terroriste-organisasie, met die toedoen van De Klerk nie. En wanneer dit besluit is, is die vraag: hoe moet daar gewerk word? Gaan jy in in hierdie bestel, soos genls. Botha en Smuts na 1902, en word jy al dieper ingetrek totdat jy later op jou eie mense skiet? Of gaan jy in met die verwagting dat jy sal uitgaan wanneer jy 'n stukkie van jou land teruggekry het, soos die gedagte van sekere volkstaat-voorstanders is? En die aanduidings is reeds goed wat gaan gebeur. Mandela prys reeds vir genl. Constand Viljoen en sê hy moet beloon word vir die rol wat hy gespeel het in 'die vreedsame oorgang' deur nie te veg teen die Kommunistiese oorname nie, maar te onderhandel vir 'n volkstaat. Dink u dié mense gaan ooit loskom uit die sisteem?"

Tot sover mnr. Marais se aanhaling.

Soos ons gesien het, het daar in die 31 jaar wat die ANC regeer, geen vordering gekom van die sogenaamde onderhandelinge vir 'n volkstaat nie. Genl. Viljoen het die Vryheidsfront as party geregistreer en aan die 1994 ANC-verkiesing deelgeneem. In die verkiesing is daar met stemme gekonkel wat die uitslag as onaanvaarbaar in ander lande sou maak. Regter Johann Kriegler, voorsitter van die "Onafhanklike" Verkiesingskommissie wat die verkiesing moes bestuur, het later in sy eie woorde erken dat: "Hoe kan jy in 'n bordeel werk en verwag om kuis te bly?"

Die Nasionale Party het vir 'n ruk saam met die ANC in 'n koalisie regeer, maar het uiteindelik ontbind en baie van die Nasionale Party se LP's het na die ANC oorgeloop – met die destydse "NNP"-leier, Marthinus van Schalkwyk voorop, en hy is dan ook beloon met 'n ministerspos.

Die KP het ook later ontbind en by die Vryheidsfront ingeskakel en die VF Plus gevorm. VF Plus het 'n paar sitplekke in die parlement verkry en sit vandag nog daar. Hulle het nou selfs 'n ministerspos gekry. Aanvanklik het hulle die verkryging van 'n volkstaat as doelwit gestel, maar dit is nou ná die herskryf van hulle doelwitte, uitgelaat.

Om terug te keer na mnr. Marais se toespraak, blyk dit duidelik hoe raak hy die toekoms gesien en beskryf het, en dat dit in ons tyd waar geword het en dat ons volk in groot moeilikheid verkeer.

Ons sit dus nou met die situasie dat daar niemand in die parlement sit wat na 'n volkstaat hunker nie. Selfs nie Solidariteit of Afriforum wil 'n volkstaat hê nie. Hulle wil net 'n vorm van selfbeskikking vir die Afrikaner en Afrikaanses beding. Hulle het kort gelede vir die Republikeine en ander mense met invloed in die VSA besoek en verduidelik oor die vele raswetgewings wat die ANC op die wetboek geplaas het. Dit het nou so gevorder dat die VSA se president Trump 49 Blankes vlugtelingstatus in die VSA gegee het.

Dit verlig egter nie ons probleem as Boere-Afrikaners in Suid-Afrika nie. Daar word nou nog wetgewing ingebring wat besighede voorskryf hoeveel van elke ras in diens geneem mag word. Blanke mans word basies heeltemal uitgeskryf as moontlike werknemers. Maar die ANC, Ramaphosa en van sy ministers en woordvoerders sê op vergaderings dat daar geen rede vir die vlugtelingstatus is nie en dat daar nie teen Blankes gediskrimineer word nie en ook dat daar nie moorde op plase plaasvind nie. Hulle lê klem daarop dat die mense wat vlugtelingstatus verkry het en die organisasies wat leuens oor die toestand in Suid-Afrika verkondig, net teen transformasie is en nie die Swartes oor die "sogenaamde" apartheidsera wil vergoed nie (en dit nadat hulle al 31 jaar regeer). Of sy leuens deur Trump geglo gaan word, is te betwyfel. Trump is baie meer op hoogte van wat in ander lande aangaan as wat Ramaphosa reken. By die skryf van hierdie stuk was Ramaphosa onderweg vir 'n besoek by Trump om te verduidelik dat leuens aan hom oorgedra is en dat hy dit sal regstel. Of hy die ANC en ander anti-Blank partye se leuens aan Trump sal verkoop kry, is te betwyfel. Ons moet vir kennisse en betroubare nuusmense in die VSA inligting stuur oor wat werklik hier gebeur.

Ons sal 'n volksvergadering moet hou waar ons ons Afrikaner-nasionalisme moet herbevestig en saam moet besluit hoe ons teen hierdie terroristebende moet optree.

Voorbereiding om gewelddadige aanvalle teen Blankes teen te staan is baie belangrik. Ons moet ons nie net fisies voorberei nie, maar ook veral geestelik. As ons nie geestelik ingestel is nie, sal fisiese weerbaarheid nie effektief wees nie. ■

# Mei: Maand van herdenkings

**Henk van de Graaf**

Die maand Mei lewer heelwat herdenkings op wat van historiese belang is, maar ook van huidige en toekomstige belang.

Die belangrikste is beslis Republiekwording op 31 Mei 1961.

Hierdie datum het goeie, minder goeie en slegte herinneringe. Die slegte herinnering van dié datum, was die finale einde van die Boererepublieke tydens die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902. Die minder goeie herinnering was Uniewording op dieselfde dag in 1910. Dit het nie die Boererepublieke teruggebring nie en het ons volk steeds aan die genade van die Britse kolonialiste oorgelaat, wat ons nouliks agt jaar tevore nog vermoor het op slagvelde en konsentrasiekampe en wat sedertdien probeer het om ons taal, kultuur en identiteit te vernietig. Daarom is 31 Mei 1961 ’n goeie herinnering aan die datum, want toe is die Britte se kroon finaal huis toe gejaag en kon die Afrikanervolk weer ten volle oor homself regeer, alhoewel dié republiek steeds nie geskoei was op die voormalige Boererepublieke nie.

Op 20 Mei 1983 het die Kerkstraatbom in Pretoria ontplof. In die ontploffing is 19 mense dood: 7 militariste en 10 burgerlikes, waarvan 7 swart mense. Die twee swart bomplanters van die ANC is ook dood. Daar was 217 beseerdes, waarvan ’n aantal hulle ledemate verloor het. Die ANC-leier, Oliver Tambo, het opdrag vir die bom gegee van waar hy as vlugteling (sy hedendaagse opvolger in die ANC verwys na vlugtelinge as “lafaards”...) in die buiteland weggekruip het, en hy het dan ook namens die ANC verantwoordelikheid vir die ontploffing aanvaar. Vir daardie lafhartige daad is hy later vereer deurdat die Johannesburgse internasionale lughawe na hom vernoem is.

Die kommunis, Joe Slovo, en Aboobaker Ismail was deel van Tambo se span. Jacob Zuma was ook deel van die ANC se topbestuur en het waarskynlik ook van die plan geweet, en so ook Nelson Mandela, wat in die tronk deeglik ingelig was en ook selfs sy insette in die ANC se bestuur gegee het. Natuurlik het Desmond Tutu se Bieg- en Huilkommissie (die sogenaamde Waarheid- en Versoeningskommissie) later al die nog lewende terroriste amnestie gegee vir hierdie walglike daad.

Maar ook vroeg in Mei in 1994 was dit die inhuldiging van Nelson Mandela as president van die land na die roemlose en verraderlike oorgawe van die NP-regering aan die terroriste organisasie wat nog nooit geweld, soos die Kerkstraatbom, afgesweer het nie.

Vir die Afrikaner is die twee laaste datums niks om oor te juig nie. Inteendeel.

Tog het ’n rubriekskrywer in die inmiddels vergane dagblad *Beeld* in 2021 dit nodig geag om met die oog op die laaste genoemde herdenking, sy kolom daaraan te wy en die lewe van Nelson Mandela te besing. In die lofrede word gemeld dat Mandela as tweedeklasburger hanteer is omdat die “maghebbers mense verskillend behandel (het) – volgens die kleur van hul vel.” Verdere verwysings word gemaak na die “maghebbers” vir wie dit “belangrik was om hul eie te beskerm en te bemagtig en te ontwikkel”. En “die maghebbers was so dronk van magswellus” dat hulle hul bepaalde besluite toegeëien het en dergelike neerhalende verwysings teen die regering van daardie tyd, net om te wys hoe ’n goeie seun Mandela dan sou gewees het.

Daardie stuk is destyds geskryf deur mnr. Willie Spies, wat aan die hoof staan van Pretoria FM nadat onder sy toedoen Radio Pretoria se naam na Pretoria FM verander is. Dit is dalk deel van die verklaring waarom dié radiostasie so sku vir Afrikanernasionalisme geword het en weier om enige lugtyd aan die HNP te gee.

Maar as daardie selfde paragraaf gebruik sou word sonder verwysing na enigiemand nie, sou dit in 2025 woordeliks van toepassing kon wees op die ANC en sy leier, Cyril Ramaphosa.

Wat min mense egter wil onthou is die feit dat dieselfde “engel” Mandela tot nege jaar nadat hy al as staatshoof uitgetree het, op die Amerikaanse lys van terroriste gelys was. Dit is eers in 2008 opgehef. Die rede daarvoor was sy verbintenis met die ANC en die feit dat die ANC in 1960 sy beleid van geen geweld verander het om plek te maak vir ’n gewapende “struggle”. Skynbaar was daar tog Amerikaners wat geglo het dat die ANC agter die gebeure by Sharpeville gesit het.

As pres. Donald Trump aan hierdie feit herinner sou word, sou hy heel moontlik kon oorweeg om Ramaphosa, na die gesprek met hom, ook maar op daardie lys te plaas weens sy versuim om aandag aan plaasmoorde te gee.

Die ANC het daardie tyd ondergronds gegaan en Mandela het die hoof van dié terroristebeweging se

weermag, Umkhonto wê Sizwe (MK) geword, wat veral vanaf 1962 'n vorm van guerrilla-oorlogvoering gevoer het. Mandela is eers in 1964 tronk toe, dus kan hy nie losgemaak word van MK en sy terroriste bedrywighede nie. Selfs toe hy al in die tronk was, het hy verklaar: “Die gewapende stryd is deur die regering op ons afgedwing” – dus geen spyt van enige aard nie.

Op daardie stadium was Amerika en die USSR en ander Oosbloklande in die Koue Oorlog gewikkel en was hulle baie ongemaklik met die ANC se verbintenisse met Moskou en Oos-Berlyn. Omdat die ANC sy befondsing uit die USSR gekry het, is Mandela gesien as 'n “persoon aan die verkeerde kant van die Koue Oorlog”.

President Ronald Reagan het in 1986 gewaarsku teen die “berekende terreur deur elemente van die ANC,” wat kan insluit die plaas van landmyne op paaie, plasing van bomme op sekere plekke met die doel om verdere onrus te stook en uiteindelik 'n rasse oorlog te ontketen.

Mandela en ander ANC-leiers is tot in 2008 in wese verbied om Amerika te besoek, maar elke geval is deur die VSA se buitelandse sake individueel beoordeel voordat iemand toegelaat is.

Dit is die rede waarom die “maghebbers wat so dronk was van magswellus” dié man weggebêre het, want hy het nie gepas by die beeld wat mnr. Spies later aan hom wou toedig nie! Laat ons die geskiedenis nugter vertel en beoordeel, sonder om te verval in die verkeerde emosionele politieke korrektheid van die dag, want die een toegewing lei tot 'n ander een. Dit het wyle mnr. Jaap Marais telkemale gewaarsku. As ons die geskiedenis wil aanpas om populêr te wees, gaan vorentoe nog groter opofferings as dalk selfs leuens van ons verlang word.

# Lesers sê hul sê

**vandegraafhenk@gmail.com**

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.**

**Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)***

## Dankie Willem Etsebeth

Dit was met groot belangstelling dat ek die skrywe van mnr. Willem Etsebeth in die vorige uitgawe van ***Die Afrikaner*** gelees het, waarin hy vertel het van sy wedervaringe onder die Veiligheidspolisie van die destydse NP-bewind.

Waarskynlik was hy nie die enigste wat onder dié politieke boewery deurgeloop het nie, en helaas word nie alle verhale te boek gestel nie. Daarom word mnr. Etsebeth se bydrae soveel meer waardeer, en is dit my wens dat meer mense sy dapper voorbeeld sal volg en sodanige staaltjies vir ***Die Afrikaner*** sal stuur vir publikasie, sodat die nageslag ingelig kan wees, en die mite van “wit bevoorregting” die nek ingeslaan kan word. Regse blankes het dikwels meer deurgeloop onder die tirannie van ‘n John Vorster, lang Hendrik van den Berg, PW Botha en FW de Klerk as die swart terroriste, want dié het land-uit gevlug.

My vermoede is dat dit steeds voortgaan, alhoewel ons net kan hoop dat die intelligensiedienste net so inmekaar getuimel het as alle ander dinge in die land waarop die ANC sy kloue gelê het.

**Dr. Awie van Dyk**
*Boland*

## Hoekom klap boere hande vir Ramaphosa?

Die ANC- staatshoof, Cyril Ramaphosa, het ewe skielik en vriendelik die Nampo-byeenkoms besoek. Daar is hy deur sekere blanke boere met vriendelikheid en handeklap ontvang.

Dit terwyl Ramaphosa al hierdie slegte wette wat teen Blankes diskrimineer, verdedig en bevorder. Hy sê dan ook dat die 49 Blankes wat vlugtelingstatus in die VSA ontvang het, “lafaards” is. Hy sê ook dat daar nie teen Blankes gediskrimineer word nie en dat daar ook nie plaasmoorde plaasvind nie. Hoe die boere by Nampo hom so vriendelik kon ontvang, gaan my verstand te bowe. Al verklaring wat ek daarvoor het, is dat hulle uit die linkse politiek gekies is om daar te wees en om hom so te ontvang.

Die mense sal moet besef dat die gewone boere hulle gesien het en sal onthou wie hulle eintlik verraai het. Die hele gedoente is gedoen kort voor Ramaphosa met pres. Trump in Amerika gaan gesels en is dus 'n taktiek om te wys dat die boere “tevrede” is met sy leiding.

Interessant dat die adjunk-president die volgende dag 'n krans by die gedenkmuur waar slagoffers van plaasaanvalle opgeteken word, gelê het. Wat 'n gekkespul.

**H. van der Schyff**
*Pretoria*

# Afrikaanse Idiome (9)

In hierdie uitgawe word die negende deel van mev. Lulu Steenkamp, onderleier van die HNP, se gereelde Afrikaanse idiome geplaas, as een van ***Die Afrikaner*** se bydraes om die 100-jarige erkenning van die Afrikaanse taal as amptelike landstaal. Die ander bydrae is die reeks oor die volksdigters, wat deur mnr. Dolf Buitendach hanteer word en elders in hierdie uitgawe verskyn.

Met die oog op vanjaar se 100-jarige herdenking van Afrikaans as amptelike landstaal, het mev. Steenkamp in die taal gaan delf en agtergekom dat baie Afrikaners, veral die jeug, nie meer vertroud is met die kleurrykheid van die taal nie, en nie meer weet wat van die beskrywende gesegdes of idiome beteken nie.

Mev. Steenkamp gaan in hierdie uitgawe voort om tien gesegdes te plaas, en voordat lesers na die antwoorde of beskrywings gaan kyk, sal dit dalk goed wees om eers te besin of hulle die gesegdes ken of kan onthou.

1) Lanķ in die land, bietjie baard maar klipsteen hard.
2) Die wêreld het toe langwerpig geword.
3) Die lier aan die wilger hang.
4) Die kind maai en pagaai.
5) ‘n Makgemaakte Engelsman.
6) Van naald tot ‘n koevoet.
7) Hy het uitgevind dat nul núl is.
8) ‘n Mens kan skoensole van sy onderlip maak.
9) Daar sit oom kool!
10) Iemand se kop tussen sy ore sit.

Verduideliking:

1) ‘n Ervare persoon. *(An experienced person.)*
2) Dit het toe baie swaar gegaan om uit die moeilikheid te kom. *(Then the troubles began.)*
3) Treur. *(To hang one’s harp on the willow.)*
4) Die kind is woelig, opgewonde. *(Bustle and fidget.)*
5) ‘n Engelsman wat verafriķaans is. *(An Afrikanerised Englishman.)*
6) Álles. *(From a needle to an anchor.)*
7) Hy weet hoe sake staan. *(He knows what is what.)*
8) Hy is nuķkerig. *(He is down in the mouth.)*
9) Daar het ons die skelm! *(There you are!)*
10) Iemand op sy plek sit. *(To put a person in his place.)*



**AfriSolar Supplies**
Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin
* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme
**Axel Powroznik: 082 22 44 584**
**sales@afrisolarsupplies.co.za** **facebook: AfriSolar Supplies**

**WERDA GASTEHUIS**
*Upington akkommodasie*
Perfek vir ’n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ’n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.
Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***
***082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za***





***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




**Liewe sus Katrien,**

Vyftig jaar getroud wees, is 'n goue bruilof. Hier op Tweede Wind vier ons Goue Fees, want ons woon al vyf jaar lank hier. Selfs die natuur deel in ons vreugde, want ou witstinkhout se blare val soos goue reën oor ons waar ons die geleentheid met 'n lekker braai vier.

Die tafels kreun onder 'n weergalose verskeidenheid van lekkernye terwyl potte pap en sous eenkant op die kole prut en die braaiers wag dat die hittegraad net reg moet wees vir die vleis. Ons vrouens het soos gewoonlik laer getrek langs die koffieketels terwyl die manne om die vuur staan en wieg - tone, hakke, tone, hakke. Lang redenasies word gevoer oor die woelinge in die buiteland en oplossings vir ons eie probleme word bedink.

Langs Neels en Sienie se tuindraad loer 'n paar melkbokke met begerende oë na die tafels vol eetgoed terwyl van ons kunstenaars se erf af nou en dan 'n donkiebalk opklink.

Ons bure van Kwadraat vier saam met ons die geleentheid. Dis net Pollonia wat afwesig is. "Die arme mens sukkel mos vreeslik met haar bors vandat sy asma gekry het van die goedkoop jelliepoeier," sê Bokkie. "Deesdae moet 'n mens baie versigtig wees as jy kos in pakkies en blikkies koop. Jy weet nooit waar dit regtig vandaan kom en watse goed alles daarin is nie," sê sy. "Sy het hierdie pakkies goedkoop jellie by die supermark gekoop en goedertrou voorberei. Na twee happe het haar bors bottoe getrek. Mens weet ook nie wat in so 'n pakkie is nie, dis net 'n lot lettertjies en syfertjies. Gelukkig het Annaprof toevallig daar aangekom en sy het die pakkie vir haar slim man gevat."

"Ja," neem Annaprof die storie verder. "My ou man gebruik toe sy rekenaar en ontdek dat die een groep lettertjies staan vir 'n geel kleurstof wat omtrent wêreldwyd verbode is onder andere ook in die VSA. Dis 'n totaal kuns-matige kleurstof met baie newe-effekte."

Dit raak stil terwyl almal hierdie inligting verwerk. Van die vuur se kant af klink die geknetter en gesis van vetjies wat op die kole drup terwyl die reuk van tamatie-en-uiesmoor ons hongerte aanwakker.

"Hierdie storie laat my ver dink," sê Bettie. "Toe ons kinders was, was daar bitter min kos in blikkies en pakkies. Ons het almal groentetuine gehad en alles was vars en onbesoedel. Kan julle onthou hoe selde ons siek geword het of van kinders wat hiperaktief of allergies was? Ek sê vir julle dis al die kunsmatige kleure en geure wat ons deesdae so gewillig eet, wat ons siek maak. Nee, ek sê vir julle ons moet bietjie gaan ondersoek instel in ons spensrakke en uitvind watse goeters ons in ons pense laai."

Die vleis is gaar en elkeen sit met 'n bordvol heerlike, gesonde Boerekos. Dan staan Septimus op en stel 'n heildronk in op die wonderlike vyf jaar wat ons in vreugde en vrede saam gewoon het. "Ek wil ook die hoop uitspreek dat ons al hoe meer ons eie, gesonde produkte sal eet. Mag ons produksie met rasse skrede vorder en mag ons 'n voorbeeld vir ander groepe en gesinne wees."

Sag reën ons dierbare ou boom se goue blare op ons neer.

Groete ook aan ou Swaer.

*Jou liefhebbende*
*Sus Lettie.*



# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: _______________

**AAN:** ***Die Afrikaner*****, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: ______________ **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R ____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ____________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ______________________ op hierdie _____ dag van _______________ 2024.

_________________________

HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

---

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: ________________________

____________________________ E-pos: ________________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: _______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: ________________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________